




Liewe Familie en Vriende,

Dis is ons laaste nuusbrief van 2021 en ons kyk met dankbaarheid terug oor die afgelope jaar. Baie dankie vir elkeen wat getrou was om vir ons te bid en die werk in Madagaskar te ondersteun. Julle meelewing word opreg waardeer. Ek wil ook weer namens pastoor Jonoro vir elkeen bedank. Hy vra altyd dat ons die dominees van Gordonsbaai en Tzaneen spesiaal moet bedank, en ook diegene wat deur die lofoffers en as individue ook finansieel bydra vir die werk wat hy en sy span daar in Madagaskar doen. Ek sal weer foto's hierby insluit, want dit gee 'n mens 'n beter idee van waarby ons betrokke is.

Ons almal weet dat die grense nog steeds gesluit is en dat ons dus nie na Madagaskar kan gaan nie. Ons vertrou dat die Here in Sy raadsplan alles ten goede sal laat uitwerk. Leon en Carmen Davids wat ons plek daar gaan oorneem, sit natuurlik ook in dieselfde posisie; hulle wag ook op die Here om vir hulle die pad oop te maak op Sy tyd.

Op 'n meer persoonlike vlak kan ons ook net getuig van die goedheid van die Heer. Ek en Annetjie is gesond. Ons probeer sover moontlik versigtig wees, maar op die ou end is dit maar net God se genade wat ons deurdra. Waar ons uitdagings in die gesig staar, help Hy ons en staan ons by. Ons kan regtig sê: ons kom niks kort nie.

Met Kersfees om die draai, wil ons graag vir julle elkeen 'n geseënde seisoen van vreugde, vrede, hoop en liefde toewens. Met al die inperkings word ons eintlik gedwing om te besin oor wat werklik belangrik is. Mag ons weer ligdraers van die Lig wees en baie mense se lewens verlig met die blye tyding dat daar vir die wêreld 'n Verlosser gebore is. Hy leef en Hy maak die verskil. Hy is ons Hoop en ons Troos vir 2022.

Mag julle dit ondervind.

Drie gebedsversoeke:

- Vergadering met Africa Inland Mission (AIM), Gordonsbaai-gemeente. Leon en Carmen, en ons.
  Dankie vir julle gebede. Die vergadering is gehou om die pad vorentoe te bespreek. Dit het so glad verloop dat ons verstom was. Almal was dit eens dat Leon en Carmen die aflosstokkie by ons sal oorneem en dat al die betrokke partye hulle in die toekoms sal ondersteun. As die Here wil sal hulle dan voltyds Madagaskar toe gaan sodra alles in plek val.
- Beplande besoek aan Madagaskar.
  Bid asseblief vir ons beplande besoek daarheen om vir Leon en Carmen te gaan bekendstel. Ons kan nie die kans waag om te gaan en dan daar vasgekeer te word nie.
- Covid in Madagaskar.
  Ek kon laasweek met pastoor Jonoro praat en Sondagaand het Nicky, ons vriendin wat daar in Mahajanga woon, gebel. Volgens hulle is daar weer meer gevalle in Antananarivo, die hoofstad, en Morondava, waar ons vir 10 jaar elke jaar saam met pastoor Jonoro gaan werk het, is op die oomblik gesluit. Toliara, waar pastoor Jonoro-hulle woon het ook baie gevalle, maar hy kon nog na Fort Dauphin gaan om hierdie week daar te gaan werk.

Groete en seënbede.

Carel en Annetjie

Ek plaas die foto's van Jonoro se uitreik op die volgende bladsy.

Eposadres: lerouxcarel2@gmail.com -:- WhatsApp: 064 900 1883 of 064 906 4558





Foto's van uitreik in die derde week van November na die Mahafaly om 'n kerkie te plant. Patoor Jonoro het opleiding gaan gee. Hy het die jong kerkleiers ook bemoedig maar ook vermaan waar nodig.

**Tefy Emmanuel Jonoro**
14 h ·

Praying for this new place. " I was hungry and disappointed in nursing. "I need the gospel".
May God open their hearts





**Tefy Emmanuel Jonoro**
14 h ·

New area, new geography. Far away deep. " being disappointed to witchcraft and charms to heal and save. I need salvation".
Pray that God open their hear to believe in Jesus Christ. They will read a bible.
They are ready to gather but need an evangelist to preach and lead them.
Thank you being involve on it.









Daar is nie altyd 'n bostaxi beskikbaar nie. Dan moet hulle 'n 4x4 huur om by hierdie onbereikte plekke te kom. Dit is duur en pastoor Jonoro beplan om sy eie 4x4 te koop wanneer die Here die geld voorsien. Dit sal veiliger wees en gerieflikker, maar hy sal ook begroot vir onderhoud en brandstof.

In Fort Dauphin, soos in die ander stede, is daar goeie fasilitiete. Netjiese konferensie sale, kerke, tafeldoeke, tegnologie en alles net soos by ons.